**<u>NUUSBRIEF Nr 2: Feb 2016:</u>**

<u>Nuwe Loodsprojek vir Werkplek Mediasie vir Wes Kaapse Vrugtebedryf</u>

Ons is opgewonde oor die moontlikhede wat 'n nuwe Loodsprojek inhou wat gemik is op die voorkoming en oplossing van werkplek konflik. Dit is 'n uitvloeisel van 'n inisiatief deur die FIVCRT (Fruit Industry Value Chain Round Table) tussen Vrugte SA en die Dept van Landbou, Bosbou en Visserye, en word deur die KVBA vanaf 1 Maart 2016 geloods.

Wat is werkplek mediasie? Dit is 'n proses wat daarop gemik is om konflik wat tussen werkgewers en werkers en tussen werkers onderling op te los **voordat** dit eskaleer in formele dissiplinêre stappe en griewe prosedures. Die oorkoepelende doelwit is om gesonde verhoudinge in die werkplek te herstel en bevorder. Die fokus is daarop om saam te werk om vorentoe te gaan, en nie om te bepaal wie reg en wie verkeerd is nie. Dit is 'n **vrywillige** proses wat die **instemming** van beide partye benodig en **vertroulik** gedryf word deur 'n **onpartydige derde party.**

Dit vervang nie bestaande disiplinêre en griewe prosedures nie, maar bied 'n geleentheid om werkplek probleme op 'n konstruktiewe wyse op te los. Indien vrywillige mediasie misluk staan dit die werkgewer steeds vry om voort te gaan met formele dissiplinêre prosedures, en die werker om voort te gaan met enige griewe prosedure tot sy beskikking, of om die geval na die KVBA te verwys.

Vir die doeleindes van die Loodsprojek word slegs die volgende kategorië probleme hanteer:

- enige probleem veroorsaak deur die gedrag of onvermoë van die werker wat normaalweg tot dissiplinêre stappe sou lei;
- enige aksie van die werkgewer wat kan lei tot die indien van 'n interne grief of die verwysing van 'n dispuut oor 'n onbillike arbeidspraktyk; en
- enige probleem tussen werkers wat nadelig op die werkplek impakteer.

Wat NIE hanteer sal word nie is ♦ ernstige wangedrag ♦ diskriminasie, en ♦ seksuële teistering.

Die diens sal gratis by die werkplek deur spesiaal opgeleide kommissarisse van die KVBA gelewer word. Verteenwoordiging sal geskied volgens die werkgewer se ooreengekome prosedures/praktyk. Die proses sal binne twee ure afgehandel moet word. Die kommissaris sal 'n ooreenkoms help opstel wat beide partye moet onderteken sou 'n vergelyk bereik word. Indien daar geen ooreenkoms is nie neem die reg sy gewone gang.

Die Loodsprojek sal vir ses maande loop, dws vanaf 1 Maart 2016 tot 31 Augustus 2016, met die moontlikheid om dit te verleng met drie maande tot 30 November 2016. Slaag dit sal die projek landswyd uitgebrei word binne die vrugte sektor, en later tot ander sektore.

Om gebruik te maak van die fasiliteit moet 'n vorm ingevul, deur beide partye onderteken, en aan die KVBA gestuur word. Lede kan hierdie vorm kry by ons kantoor (Ciske 082 698 8216; of <u>caeo2@maxitec.co.za</u>) Die proses is gemik op vinnige mediasie en behoort nie veel meer as 'n week in beslag te neem nie. Ons raai lede aan om hierdie nuwe fasiliteit positief te benader en op die proef te stel. Ons Beamptes sal u ook van raad kan bedien en bystaan.